

Skriflesing: Sagaria 3:1-10; 2 Korintiërs 4:5-15

Nederlandse Geloofsbelydenis: **Artikel 22**

Teks: **Sagaria 3:3-5; 2 Korintiërs 4:7**

Sing- **Ps. 9:5,12; Ps. 19:5; Ps. 32:5,6**

Sagaria 3:1-10

Zec 3:1 Daarna het Hy my Josua, die hoëpriester, laat sien, terwyl hy voor die Engel van die HERE staan, en die Satan aan sy regterhand staan om hom aan te klæ.

Zec 3:2 Toe sê die HERE aan die Satan: Mag die HERE jou bestraf, o Satan! Ja, mag die HERE, wat Jerusalem verkies het, jou bestraf! Is hierdie een nie 'n brandhout wat uit die vuur geruk is nie?

Zec 3:3 En Josua was bekleed met vuil klere, terwyl hy voor die Engel staan.

Zec 3:4 Daarop het Hy aangehef en gesê aan die wat voor Hom staan: Neem die vuil klere van hom weg. Toe sê Hy vir hom: Kyk, Ek het jou skuld van jou weggeneem, en Ek beklee jou met feesklere.

Zec 3:5 Daarop sê ek: Laat hulle 'n rein tulband op sy hoof sit. En hulle het die rein tulband op sy hoof gesit en hom die klere aangetrek, terwyl die Engel van die HERE daarby staan.

Zec 3:6 En die Engel van die HERE het Josua plegtig verseker en gesê:

Zec 3:7 So sê die HERE van die leërskaer: As jy in my weë wandel en as jy my verordening onderhou, dan sal jy my huis bestuur sowel as my voorhowe bewaak, en Ek sal jou vrye toegang verleen onder diegene wat hier staan.

Zec 3:8 Luister tog, o Josua, jy wat die hoëpriester is, jy en jou vriende wat voor jou sit—ja, wondertekens is hulle. Want kyk, Ek sal my Kneg, die Spruit, laat kom!

Zec 3:9 Want kyk, die steen wat Ek voor Josua neergelê het—op die een steen is daar sewe oë; kyk, Ek sal sy graveersel graveer, spreek die HERE van die leërskaer, en Ek sal die skuld van hierdie land op een dag uitdelg.

Zec 3:10 In dié dag, spreek die HERE van die leërskaer, sal julle mekaar uitnooi onder die wingerdstok en onder die vyeboom.

2 Korintiërs 4:5-15

2Co 4:5 Want ons verkondig nie onself nie, maar Christus Jesus as Here, en onself as julle diensknegte om Jesus wil.

2Co 4:6 Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn—dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus.

2Co 4:7 Maar ons het hierdie skat in erdekruike, sodat die voortreflikheid van die krag van God mag wees en nie uit ons nie.

2Co 4:8 In alles word ons verdruk, maar ons is nie terneergedruk nie; ons is verleë, maar nie radeloos nie;

2Co 4:9 vervolg, maar nie verlate nie; neergewerp, maar nie vernietig nie.

2Co 4:10 Gedurig dra ons die doding van die Here Jesus in die liggaam om, sodat ook die lewe van Christus in ons liggaam openbaar kan word.

2Co 4:11 Want altyd word ons wat lewe, oorgelewer in die dood om Jesus wil, sodat ook die lewe van Jesus in ons sterflike vlees openbaar kan word.

2Co 4:12 So werk die dood dan in ons, maar die lewe in julle.

2Co 4:13 En omdat ons dieselfde Gees van die geloof het—soos geskrywe is: Ek het geglo, daarom het ek gespreek—glo ons ook, daarom spreek ons ook.

2Co 4:14 Want ons weet dat Hy wat die Here Jesus opgewek het, ons ook deur Jesus sal opwek en saam met julle voor Hom sal stel.

2Co 4:15 Want dit is alles om julle ontwil, sodat die genade, wat groter geword het deur so baie mense, die danksegging oorvloedig kan maak tot die heerlikheid van God.

Artikel 22: Ons regverdiging deur die geloof

Ons glo dat die Heilige Gees 'n opregte geloof in ons harte laat ontvlam om die ware kennis van hierdie groot geheimenis te verkry. Die geloof omhels Jesus Christus met al sy

verdienstes. Dit maak Hom ons eie en soek na niks anders as na Hom nie. Daar is dus net twee moontlikhede: In Jesus Christus is nie alles wat vir ons saligheid nodig is nie, óf dit is alles wél in Hom, en dan het hy wat wat Jesus Christus deur die geloof besit, sy volle saligheid. Om nou te beweer dat Christus nie genoegsaam is nie maar dat daar buite Hom nog iets meer nodig is, sou gruwelike godslastering wees, want dit sou beteken dat Christus slegs 'n halwe Verlosser is. Ons sê daarom tereg saam met Paulus dat ons deur die geloof alleen of deur die geloof sonder die werke geregverdig is (Rom. 3:28). Om presies te wees: Ons bedoel nie dat die geloof self ons regverdig maak nie, want die geloof is slegs die middel waardeur ons Christus, ons Geregtigheid, omhels, maar wel dat Jesus Christus ons Geregtigheid is. Hy reken ons sy hele verdienste toe en ook al sy heilige werke wat Hy vir ons en in ons plek gedoen het, terwyl die geloof die middel is wat ons in die gemeenskap aan al sy weldade aan Hom verbind. En as die weldade ons eiendom geword het, is hulle meer as genoeg om vrypraak vir ons sondes te verkry.

Ps. 51:8; Ef. 1:17-18; 1 Tess. 1:6; 1 Kor. 2:12; Gal 2:21; Jer. 23:6; 1 Kor. 1:20; Jer. 51:10; 1 Kor. 15:3; Matt. 1:21; Rom. 8:1; 3:20, 28; Gal. 2:16; Heb. 7:19; Rom. 8:29, 33; Hand. 13:28; 1 Pet. 1:4; Rom. 10:3, 5, 9; Luk. 1:77; Tit. 3:5; Ps. 32:1; Rom. 4:5; 3:24, 27; Filp. 3:9; 2 Tim. 1:9; Ps. 115:1; 1 Kor. 4:7; Rom. 4:2.

Skriflesing: Sagaria 3:1-10; 2 Korintiërs 4:5-15

Nederlandse Geloofsbelijdenis: **Artikel 22**

Teks: **2 Korintiërs 4:7**

Sing- Ps. 9:5,12; Ps. 19:5; Ps. 32:5,6

In die vorige vier artikels van die Nederlandse Geloofsbelijdenis, art 18-21, het ons die Persoon en werk van Christus bely. Broeder en suster, Wie Christus vir ons is, wat Hy vir ons verwerf het, hoe Hy ons Hoëpriester genoem kan word, alles het na ons gekom om Hom Jesus Christus te ken, Hom te aanbid, sy Naam te verheerlik in Wie Hy op hierdie oomblikke vir ons is. Nou kom art 22 en hier kom iets wat eintlik net verder gaan maar tog ook 'n nuwe deel bybring, waar dit nie gaan oor die Christologie maar dit gaan oor die soteriologie, hier in die volgende dele van ons belydenis het ons te doen met ons verlossingsleer. Christus, ons Soter, ons Verlosser...

Om Christus as Hoëpriester voor oë te hou, toe het dit al daarvoor gegaan dat Hy alleen ons regverdig kan maak. Daarom die eerste baie belangrike punt wat ons in ons belydenis oor ons verlossing aangryp is die feit dat ons regverdig gemaak is. Regverdigmaking is 'n daad van God, 'n regshandeling wat God alleen kon uitvoer waarin God as Regter die sondaar as die regverdige, die verlose, die vrygemaakte kan verklaar. Al het die sondaar dit nie uit homself/haarself kon bewerk nie, het God wel dit só gewerk dat ons dit kan wees, voor Hom geregverdig. Ons het 'n skat in ons verkry wat as ons regverdigmaking gesien kan word.

Hieroor kan ons op baie plekke in God se Woord uitbrei en uitbrei. Romeine 3:23-26 is maar een voorbeeld, so ook die die hoofstuk na 2 Korintiërs 4 waaruit ons gelees het, 2 Kor. 5:18-21- Eerste dan Rom 3:23-26 **23...** *want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die*

heerlikheid van God, 24 en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is. 25 Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God 26 om sy geregtigheid te toon in die teenwoordige tyd, sodat Hy self regverdig kan wees en regverdig maak wie uit die geloof in Jesus is.

Ook 2 Kor. 5:18-21- **18** En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het, **19** naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou. **20** Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus wil: Laat julle met God versoen. **21** Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.

Baie duidelik laat Romeine ons verstaan wie ons in onself is. Almal het gesondig, daar is niemand wie nie aan die heerlikheid van God ontbreek nie. Alleen die verlossing wat in Christus is, dit word ons geskenk, wat Paulus dan in Romeine baie duidelik stel, dit ontvang ons uit genade sonder verdienste, maar die genade, die verlossing, ja die geskenk van God word ons regverdigmaking voor God. Dan gaan Paulus verder en wys presies hoe dit alles net in Christus ons deel kan word. Die verlossing wat alleen in Christus kan wees het Christus sy lewe gekos, sy bloed is wat dit alles moontlik gemaak het. Die bloed van Christus, dit waarin Hy voorgestel word, ja die bediening van Christus se versoening, God stel Hom hierin tot versoening van ons sondes. Terselfdertyd om met God versoen te wees is om deur God regverdig verklaar te word.

Daar kan nie versoening wees sonder voldoening nie, daar kan nie geregtigheid wees sonder vryspraak nie, dis 'n regsproses wat God in Christus laat saamtrek. Die versoening wat Christus bedien kom na ons as God se geregtigheid, geregtigheid wat beteken dat ons word ons misdade waaraan ons beslis skuldig is, ons word hierdie misdade nie toegereken nie, want dit is klaar Christus toegereken. Ons word die genade van God toegereken waarbinne God die geloof 'n werkwoord maak. Om te glo is God se manier om ons sy reg te laat vasgryp maar nou moet God steeds in ons werk sodat ons kan vasgryp. Ons moet steeds hande ontvang om te gryp en hierdie hande is ons geloof. Art 35 Nederlandse

Pretoria- 26 April 2015

Geloofsbelydenis wys mooi na hierdie hande... Ek moet die hand van geloof eers geskenk word vóór ek die hand kan gebruik Ek moet glo maar ek kan nie glo as God nie in my werk nie.

En soos God in ons werk, so word die geloof gewerk dat ons al meer en meer die genade van God raaksien deur te besef hoeveel geduld God met die mens het. In die mate die versoening word ons al meer geskenk dat ons dit aan andere ook verkondig dat hulle met Christus versoen kan wees om hulle naaste ook vir Christus te wen. Dit is 'n hoogs heilsame proses, selfs in die teenswoordige tyd, want God toon op hierdie oomblikke steeds aan ons die geregtigheid, want wie in Christus glo is klaar geregverdig en die boodskap van ons regverdiging moet al wyer en wyer gaan dat God om Christus ontwil dit stel dat ons as sy gesante moet optree, dat dit God is wat deur ons vermaan, dit word nog groter. In 2 Korintiërs staan dat *ons kan word geregtigheid van God in Hom...*

Dit word ons so ryklik geskenk asof dit ons is wat hierdie geregtigheid bewerk het, terwyl ons weet dit net Christus kon wees wat dit moontlik maak. Daarom met 2 Korintiërs 5 moet ons 2 Korintiërs 4 eers goed in gedagte hou. Die grootsheid. die heerlikheid van God se geskenk aan ons word hier met 'n skat vergelyk, maar hoe lyk ons lewens, wat is die houer wat die skat kan bevat. Dit is niks anders, niks beter as 'n gebarste erdekruik nie, 'n gebarste kleipot wat die skat in hom het en wat die skat moet uitdra. Nou gebeur iets so merkwaardig. Hoe meer barste daar in die kleipot is, hoe meer krake die erdekruik bevat, wat beslis maak dat die erdekruik nie goed lyk nie, maar wonderlik al hierdie barste en krake wat daar is, want dit laat mense toe om al beter binne die erdekruik in te kyk. Ons broosheid, ons breekbaarheid kom al meer in diens van Christus Die erdekruik wat binne hom God se geregtigheid dra en hoe meer baste daar is, ironies tog hoe beter is dit eintlik, want dit laat al meer lig inskyn, dit word 'n al hoe beter vertoning, iets van 'n beter "venster" van die skat binne hom, ongeag hoe sleg dit aan die buitekant mag lyk, wat regtig saak maak is God se geregtigheid, is God se skat wat daarbinne is. God se geregtigheid wat binne lê, dit is wat regtig saak maak. Ons wat dan in ons broosheid Christus kan omhels. Sy krag wat alles oortref is die krag wat dan in jou kom.

In wat ons in Sagaria gelees het, het ons eintlik die hele saak in een saamgevat. Alles gebeur soos in 'n hofsaak. Hierdie gesig van Sagaria waar Josua die hoëpriester as verteenwoordiger van die volk na vore kom. Hy is aangekla. Satan kla hom aan, maar hoe wonderlik hy staan

voor die Engel van God, hierdie Engel wat hier na vore kom, is die Een wat ons weet Christus is. Satan wat Josua aankla, word bestraf. Dit gebeur by herhaling. God bestraf Satan nie op grond van iets wat Josua reg kon doen en wat danksy die posisie van Josua kon plaasvind nie. Nee al is Josua hoëpriester, maar sy klere is vuil, dit lyk of hy verdien om aangekla te word. Josua het niks om homself skoon te maak, niks om sy klere beter te laat lyk nie,

Maar die feit dat hy voor die Engel kan staan, in werklikheid die posisie wat hy voor Christus mag kom staan, dit laat God hom in 'n posisie kom wat hy nie sou kom nie. Die geregverdigde posisie is hier om voor die Engel te mag wees en God dan deur die Engel praat dat Josua wat soos 'n stuk hout uit die vuur geruk is, ontvang in die plek van sy vuil klere ontvang hy feesklere. Hy ontvang dit alles, danksy die Engel, omdat die Engel hom dit kan aantrek. Die Satan word gestraf want God se werk en God se verkiesing kan nie verander nie, kan nie ongedaan gemaak word nie. Josua ontvang die feeskleed, selfs 'n koninklike tulband waar hyself in vodde en vuil klere niks kon bydra nie. Duideliker kan dit eintlik nie vir ons wees nie. Josua is geregverdig net op grond van God se werk, God se genade, God wat hom in guns aanskou het.

Daarom soos ons al verder die belydenis oor ons verlossing mag oopmaak, sal ons by wyse van die bewoording van ons belydenis Christus al hoe meer omhels, Want gaan dit eintlik om die een belangrike woord- NOGTANS. God wat hierdie woord oor u en my lewe kom skrywe. Ons moet dit in hoofletters skrywe, uitgedruk, donker baie duidelik leesbaar moet dit wees, Dat al kla my gewete my aan, ek besef ek het teen al God se gebooie swaar gesondig, ek het geeneen daarvan gehou nie, ek is steeds tot alle boosheid geneig, steeds geneig om God en my naaste te haat, daar is niks wat ek verdien nie, die beste wat ek eintlik kan verdien is die ewige dood, maar God skryf dit anders. God maak dit 'n NOGTANS. Nogtans skenk God my die geregtigheid wat daar by Christus is, asof dit ek is wat daardie geregtigheid verdien het, asof ek volkome verdien om vrygespreek te word. God werk met ons asof ons nooit sonde gehad of gedoen het nie.

Dit is wat Sondag 23 van die Kategismus hierby voeg- Die vraag in die Kategismus is-
60 Vraag: Hoe is jy regverdig voor God? Ons antwoord: Slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus (a); so dat al kla my gewete my aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig het en nie een daarvan gehou het nie (b) en dat ek nog gedurig deur tot

alle kwaad geneig is (c), God nogtans (d) aan my sonder enige verdienste van my kant (e), uit louter genade (f) die volkome genoegdoening (g), geregtigheid en heiligheid van Christus skenk (h). Dit reken Hy my toe asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, asof ek self al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het (i). Aan hierdie weldaad het ek deel vir sover ek dit met 'n gelowige hart (j) aanneem.

Met hierdie antwoord kan ons volstaan. Mooier kan art 22 Nederlandse Geloofsbelydenis nie saamgevat word nie. Ek wat al God se geboorte oortree, ek het nog nooit 'n enkele een ten volle nagekom nie, ek is gedurigdeur nog tot alle kwaad geneig, maar God skryf daarvoor Ek wil jou genadig wees, Ek skenk jou my nogtans, dit is Wie Christus is, God se Seun wat jou lewe sy lewe kom maak het, dat Hy sy lewe, jou lewe kan maak. Dit word ons geregtigheid.

Dit is wat ons kan glo, ons moet dit glo. Dan het ons niks maar niks meer nodig nie. Geloof alleen in hierdie volkome nogtans, geloof alleen in hierdie weldaad van God is al wat werklik die lewe moontlik maak. Dit is wat Rom 1:17 eintlik die groot woord van die reformasie gemaak het- DIE REGVERDIGE, UIT DIE GELOOF SAL HY LEWE. Dan gaan dit nie oor hoe groot jou geloof is nie, want stel art 22 Nederlandse Geloofsbelydenis nie die grootte van die geloof voorop nie, maar ons belydenis praat van 'n opregte geloof. In Sondag 7 van die Kategismus word weer gepraat van 'n ware geloof. Nêrens van 'n groot geloof nie. As dit ons moes wees wat 'n groot geloof moet bewys dan was ons in groot moeilikheid.

Nee alleen Christus kan dit wat klein is, grootmaak in jou lewe. Hier dink ons aan die mense wat Christus wel gesê het, hulle het 'n groot geloof, maar dit ook maar na hierdie mense eers die kleinheid van hulle geloof besef en bely het. Opvallend hulle albei was nie-Jode. Die Siro-Feniciëse vrou en die Romeinse offisier van Kapernaum. (Matt.15:28 en Matt. 8:10). Die vrou wat haarself soos 'n hondjie sien as Christus sê dat hy nie die brood van Israel vir honde kan gee nie. Dan sê die vrou maar die hondjies eet darem van die krummels wat van die tafels afval. Dit sê alles. Tevrede om 'n kleintjie te wees, want besef sy, dit bely sy, dis vir my genoeg...ek glo dit. Dit is haar tot regverdigmaking gereken. Hier kan nog 'n voorbeeld wees, die man met die duiwelbesete seun. Om te mag uitroep, *ek glo Here, kom my ongeloof te hulp*. Dit laat ons regverdigmaking duidelik in ons geloof inhardloop, maar God moet dit na mekaar laat hardloop. Dan is jy reeds geregverdig.

AMEN